PASIËNTINLIGTINGSPAMFLET

Multiforce®
Alkaline Powder

SKEDULERINGSTATUS
S0

A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER,
Poeier vir orale gebruik
Kalsiumsitraat, kalsiumfosfaat, dimagnesiumfosfaat, magnesiumsitraat, kaliumbikarbonaat, kaliumsitraat, ISCH22™,
Malpighia glabra

A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER gewone geur
Bevat suiker as Laktose: nie meer as 980 mg/7,5 g nie
Bevat suiker as suiker-alkohol Mannitol: 3 069 mg/7,5 g nie

A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER anys-, suurlemoen-, mango- en peppermentgeur
Bevat suiker as Laktose: nie meer as 980 mg/7,5 g nie
Bevat suiker as suiker-alkohol Mannitol: 2 722 mg/7,5 g nie
Bevat versoeter as Stevia: 35,25 mg/7,5 g nie

KOMPLEMENTÊRE MEDISYNE
Kombinasieproduk
Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA geëvalueer vir kwaliteit, veiligheid of voorgestelde gebruik nie.

Lees die hele pamflet noukeurig deur, want dit bevat belangrike inligting
A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER is beskikbaar sonder 'n doktersvoorskrif, sodat jy jou gesondheid in stand kan hou. Dit is nogtans belangrik om A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER met sorg te gebruik om die beste resultate te verseker.
- Hou hierdie pamflet. Dit mag nodig wees dat jy dit weer wil lees.
- Moenie A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER met enigeen deel nie.
- Raadpleeg jou gesondheidsorgverskaffer of apteker indien jy nog inligting of advies benodig.
- 'n Gevarieerde dieet is die doeltreffendste en veiligste manier om goeie voeding, gesondheid, liggaamsamestelling en verstandelike en fisiese prestasie te bereik.

Wat is in hierdie pamflet

1. Wat A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy moet weet voordat jy A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER neem
3. Hoe om A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER te berg
6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

1. Wat A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER is en waarvoor dit gebruik word

A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER is 'n bron van kalsium, magnesium, fosfor en kalium, sowel as sitraat- en bikarbonaatsoute (alkaliseringsminerale), en het 'n sistemiese alkaliserende effek.

A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER is 'n multiminerale kombinasieproduk wat gesondheidaanvullings (minerale) en ISCH22™ bevat, wat die liggaam se suurbuffermeganisme ondersteun deur noodsaaklike alkaliese minerale te voorsien wat nodig is om 'n tipiese asidogeniese dieet (hoog in diereproteïene en laag in / gebrekkig in vrugte, groente en minerale) en leefstyl te beveg, en sodoende help om die negatiewe gevolge daarvan aan te spreek.

ISCH22™ is 'n eksklusiewe homeopatiese mengsel vir die opname van minerale en die regulering van suurheid.

Daaglikse gebruik van A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER kan help om:
- Beengesondheid te ondersteun en te beskerm teen been-demineralisasie. Kalsiuminname, in kombinasie met voldoende vitamien D, 'n gesonde dieet en gereelde oefening, kan die risiko om osteoporose te ontwikkel, verminder.
- Ondersteuning te bied vir ongemak in die spysverteringskanaal.
- Gewrigspyn, lærugpyn en verminderde beweeglikheid / buigsaamheid, wat algemene gevolge van 'n suurvormende dieet is, te verlig.
- Simptome van ouderdomsverwante gewrigsongemak en degenerasie, soos pyn en styfheid, te verlig.
- Gesonde uriensuurvlakke te ondersteun deur die regulering van die suur-/alkaliese balans. Wanneer dit saam met konvensionele behandeling gebruik word, kan dit help om die simptome wat met uriensuur geassosieer word, te verlig.
- Gesonde urienwegfunksie en -gesondheid te handhaaf en te ondersteun deur die pH van die urine te verhoog (alkaliserend), en sodoende te help om geassosieerde komplikasies soos urienwegongemak, kristalvorming en sediment te voorkom.
- Gesonde atletiese prestasie en herstel te ondersteun deur te help om normale spierfunksie te handhaaf en by te dra tot gesonde weefselgroei en -herstel.

2. Wat jy moet weet voordat jy A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER neem

Moenie A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER neem nie
- Indien jy hipersensitief (allergies) is vir die aktiewe bestanddele of enige van die ander bestanddele van A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER (gelys in afdeling 6).

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls
Wees versigtig met A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER
- Jy moet met 'n gesondheidsorgverskaffer praat en / of onder mediese toesig gebruik:
  - Indien jy kalsium- en / of kaliumbeperkte dieet volg.
  - Indien jy nierprobleme het.

Kinders en adolessente
A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER is nie aangedui vir pasiënte jonger as 18 jaar nie.

Ander medisyne en A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER
Lig altyd jou gesondheidsorgverskaffer in as jy enige ander medisyne neem (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

Swangerskap en borsvoeding
Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer voordat jy A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER neem.

Bestuur en die gebruik van masjinerie
A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER het geen bekende effek op die verstandelike en / of fisiese vermoë om enige taak of aktiwiteit uit te voer wat verstandelike fokus, oordeel en / of goeie koördinasie en visie verg nie, bv. bestuur, rykuns, vlieg, seil, of die bestuur van masjinerie / toerusting.

A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER bevat laktose
Indien jou dokter vir jou gesê het dat jy 'n intoleransie vir sekere suikers het, kontak jou dokter voordat jy hierdie medisinale produk neem.

Suikerinhoud: Die totale suiker in 7,5 g A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER is ongeveer 4 g koolhidrate (CHO), wat 9 kkal (37,6 kJ) is en 'n glukemiese lading (GL) van 0,5 – 0,6 het. 'n Onbeduidende glukemiese reaksie kan dus verwag word wanneer 'n dosis A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER geneem word, wat dit dus geskik maak vir diabete.

3. Hoe om A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER te neem

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.

Neem altyd A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER presies soos voorgeskryf in hierdie pamflet, of soos jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer aanbeveel het. Bevestig met jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer indien jy onseker is.

Die gewone dosis is:
Volwassenes (18 jaar en ouer)
Neem 1 sakkie of 1 opgehoopte teelepel (ong. 7,5 g) eenmaal per dag.

Metode van toediening
Alleenlik vir orale gebruik.
Meng in 'n groot glas water en roer goed voordat dit gedrink word. Neem op 'n leë maag.

Indien jy meer A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER inneem as wat jy moes
In geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker sonder versuim. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

Indien jy vergeet om 'n dosis A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER te neem
Indien jy 'n dosis vergeet, neem dit sodra jy onthou. Indien dit egter amper tyd is vir die volgende dosis, los die oorgeslaande dosis. Moenie 'n dubbele dosis neem om vir 'n vergete dosis te vergoed nie.

4. Moontlike newe-effekte

A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER kan newe-effekte hê. Nie alle newe-effekte wat vir A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER aangemeld is, word in hierdie pamflet genoem nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan, of jy ondervind enige ongewenste simptome terwyl jy A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER neem, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer om advies.

Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER en lig jou dokter onmiddellik in, of gaan na die ongevalle-afdeling van die naaste hospitaal
- 'n Allergiese reaksie, bv. swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat dit moeilik maak om te sluk of asem te haal; uitslag of jeuk, floute.

Al hierdie newe-effekte is baie ernstig. Indien jy enige daarvan ervaar, het jy moontlik 'n ernstige reaksie op A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER gehad. Jy mag dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER can have side effects. Not all side effects reported for A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER are included in this leaflet. Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER, please consult your healthcare provider for advice.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende waarneem
Frekwensie onbekend
- Winderigheid
- Diarree

Indien jy enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie pamflet genoem word nie, lig asseblief jou dokter of apteker in.

Aanmelding van newe-effekte
Indien jy newe-effekte ervaar, raadpleeg jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige. Jy kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en die eReporting-platform (who-umc.org) op die SAHPRA webwerf. Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER te verskaf. Addisioneel kan newe-effekte ook aangemeld word by info@pharmacorp.co.za.

5. Hoe om A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER te berg

Berg alle medisyne buite bereik van kinders..
- Berg by of benede 25 °C.
- Berg in die oorspronklike verpakking.
- Beskerm teen lig en vogtigheid.
- Moenie in 'n badkamer berg nie.
- Moenie na die vervaldatum wat op die etiket/sakkie/karton/bottel aangedui word, gebruik nie.

6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

Wat A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER bevat
Die aktiewe bestanddele is
Elke 7,5 g A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER bevat

Kalsiumsitraat	145 mg	
Kalsiumfosfaat	974 mg	
met kalsium (elementaal)		254 mg
Dimagnesiumfosfaat	244 mg	
Magnesiumsitraat	315 mg	
met magnesium (elementaal)		59 mg
Kalsium en dimagnesiumfosfaat		
met fosfor (elementaal)		219 mg
Kaliumbikarbonaat	783 mg	
Kaliumsitraat	870 mg	
met kalium (elementaal)		619 mg
ISCH22™ (Eie versnit)	1 000 mg	

met Urtica dioica L. (*Urtica dioica*) en/of *Urtica urens* L. (*Urtica urens*), Silikondioksied (Silicea), Kalsiumwaterstoffosfaat dihidraat (*Calcarea phosphorica*), Dinatiumfosfaat dodekahidraat (*Natrum phosphoricum*) en *Ostrea edulis* L. (*Calcarea carbonica*)

Malpighia glabra (Acerola)	100 mg	
[Vrug]		
met vitamien C botaniese ekstrak		5 mg

Die ander bestanddele in A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER gewone geur is laktose en mannitol.

Die ander bestanddele in A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER anys-, suurlemoen-, mango- en peppermentgeur onderskeidelik, is anys-, suurlemoen-, mango- en peppermentgeur (natuurlik), laktose, mannitol, silikondioksied en stevia.

Hoe A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER lyk en inhoud van die pakkie
Wit tot naaswit, pienkerige, fyn, vryvloeiende poeier wat fyn swart deeltjies bevat (organiese materiaal van ISCH22™) met 'n soeterige, kenmerkende reuk en 'n effens suur of bitter smaak.

Inhoud van die pakkie
HDPE plastiekhouer met 'n peuterbestande seël en 'n plastiek skroefdop.
Elke sakkie bevat 7,5 g A.VOGEL MULTIFORCE® ALKALINE POWDER.

Verpakkingsgroottes
HDPE plastiekhouer: 105 g, 225 g en 450 g.
Sakkies: 8, 10, 16, 25 of 30 sakkies per karton.
Nie alle verpakkingsgroottes word bemark nie.

Houer van die Registrasiesertifikaat
PHARMAFORCE (PTY) LTD
130 16th Road
Midrand, 1685, RSA

Hierdie pamflet is voorheen hersien in
September 2026

Registrasienommer(s)
Sal aangewys word.

Toegang tot die ooreenstemmende Professionele Inligting
www.avogel.co.za

1050/PIL.07/26